

Woensdag 17 Augustus

Skrifgedeelte: Efesiërs 4:11-16

Fokusgedeelte: Efesiërs 4:12

Jy leef ewig – in die kerk

Die ewige lewe is nie iets vir die toekoms nie – dit is nou 'n werklikheid. God het jou geroep voor die grondlegging van die wêreld – daarom is jy uitverkies en het jy die teken van die verbond ontvang. God is jou God en jy is sy kind.

Sondag vir Sondag bely ons *die gemeenskap van die heiliges ... die kerk*, die volk van God. As uitverkorene is jy deel van hierdie volk.

Die Here gooi jou nie in die diep kant in en jy moet spartel en self sien kom klaar nie. Nee, binne hierdie gemeenskap van heiliges stuur hy mede-uitverkorenes wat jou leer en toerus. Hierdie toerusting het onder andere twee fokuspunte: om binne die kerk die taak te verrig waarvoor God jou geroep het, en om jou eie geloof so te laat groei dat jyself al hoe meer geloofsekerheid het.

Jesus het met sy hemelvaart die hemel oopgesluit dat ons kan inkyk. Jesus kyk ook vir jou! Hy is die eintlike Toeruster wat mede-uitverkorenes gebruik om ook vir jou die heerlikheid van die ewige lewe 'n werklikheid te maak.

Jy word gebou en jy moet ander bou. Bou om te groei in geloof, liefde en geloofsekerheid. Dit is jou taak en opdrag vir vandag: Leef jou ewige lewe tot eer van die Here, tot opbou van sy kerk en tot jou sekerheid van jou geloof.

Sing: Psalm 92:2, 5 (1936)

Dr. HF (Hennie) van Wyk (Bloemhof/Christiana)